19.8 RAPPORT 7: DEPUTATE JEUGSORG – KRUISPAD (Art 100)

19.8 REPORT 7: DEPUTIES YOUTH – KRUISPAD (Art 100)

A. Ds CB Robinson stel die Rapport.
Rev. CB Robinson tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag	**1. Mandate**
1.1 Acta 2018:156 3.1: Die *Kruispad*-tydskrif gaan voort met ten minste vier uitgawes per jaar.	1.1 Acta 2018:156 3.1: At least four issues of the *Kruispad* magazine are to be published per year.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod takes note of**
2.1 Aan die begin van die termyn van die Deputate Jeugsorg (2018) is daar hard besin oor die voortbestaan en volhoubaarheid van Kruispad-tydskrif in sy formaat van vier gedrukte uitgawes per jaar.	2.1 Serious thought was given, at the start of the Deputies Youth Ministry's term (2018), to the continued existence and sustainability of publishing Kruispad magazine in hardcopy format four times a year.
2.1.1 Saam met br Johan Coetzee van die Admin Buro het voorsitter ds Brahm Robinson en sr Wilna Myburgh die finansies van Kruispad en die finansiële implikasies vir die Deputate Jeugsorg nagegaan.	2.1.1 Together with Br Johan Coetzee of the Admin Bureau, the chairman Rev Brahm Robinson and Sr Wilna Myburgh reviewed the finances of Kruispad and the financial implications for the Deputies Youth Ministry.
2.1.2 Om te voorkom dat die Kruispad-tydskrif tot niet gaan is daar besluit om dit in 'n nuwe, volhoubare formaat uit te gee waar dit meer mense kan bereik, terwyl dit ook meer koste-effektief is.	2.1.2 It was decided to publish Kruispad in a new, sustainable format that will reach a wider audience and be more cost effective in order to prevent the magazine from going under.
2.1.3 Die nuwe formaat behels dat die Kruispad gratis as 'n e-tydskrif, op die eerste Woensdag van elke maand, uitgegee word. Dié elektroniese tydskrif word per e-pos uitgestuur en mense kan inteken op die webwerf, www.kruispad.net	2.1.3 The new format entails publishing a free electronic copy of Kruispad every first Wednesday of the month. This electronic magazine is distributed via e-mail and people can subscribe to the magazine on the website, www.kruispad.net.
2.1.4 Daar is in 2018 nog twee harde kopie-uitgawes uitgegee, Uitgawes 44 en 45. Sodoende is die intekenjaar van Julie 2017 tot Junie 2018 voltooi voordat daar met die harde kopie gestaak is. Met sy laaste druk het die harde kopie 626 intekenaars gehad.	2.1.4 Two further hardcopy issues were published in 2018, Issues 44 and 45. As such the final hardcopies were published prior to the end of the subscription year of July 2017 to June 2018. At final print, the hardcopy version had 626 subscribers.
2.1.5 Die redakteur, sr Karin Bain, het formeel in Oktober 2018 bedank, maar het haarself beskikbaar gestel om soos enige ander Deputaat die	2.1.5 The editor, Sr Karin Bain, formally resigned in October 2018, but offered to assist with the magazine free of charge just like any other Deputy.

tydskrif kosteloos by te staan.	
2.2 Die e-tydskrif is formeel vanaf Februarie 2019 maandeliks uitgestuur.	2.2 The first formal monthly publication of the e-magazine started in February 2019.
2.2.1 Die e-poslys vir die e-tydskrif het met die voormalige nuusbrieflys se intekenaars begin. Op 1 Februarie 2019 was daar 442 intekenaars. Op 1 Februarie 2020 is daar 1411 intekenaars. Dit toon dus ‘n groei van 320% in een jaar. Op 1 Februarie 2021 was daar 1942 intekenaars en 1 Februarie 2022 2672. Die Junie 2022-uitgawe is aan 2882 intekenaars uitgestuur.	2.2.1 The e-mailing list for the e-magazine started with the former newsletter list subscribers, which stood at 442 subscribers on 1 February 2019 and at 1 411 subscribers on 1 February 2020. This shows a growth of 320% in one year. Subscription stood at 1 972 on 1 February 2021 and at 2 672 on 1 February 2022. The June 2022 issue was sent to 2 882 subscribers.
2.2.2 Alle aspekte van die e-tydskrif, insluitend redaksioneel en administratief, die webwerf en sosiale media-kanale word deur sr Wilna Myburgh (Jeugsorg Assistent) behartig.	2.2.2 All aspects of the e-magazine, including editorial and administrative, the website and social media platforms are managed by Sr Wilna Myburgh (Youth Ministry Assistant).
2.2.3 Lede van die Deputate Jeugsorg en gekoöpteerde lede is behulpsaam met die skryf van artikels.	2.2.3 Members of the Deputies Youth Ministry and co-opted members contribute by writing articles.
2.2.4 Al die artikels is te alle tye op die webwerf beskikbaar en so is die leesstof nie net van die e-poskanaal afhanklik nie.	2.2.4 All the articles are available on the website and as such distribution is not limited to the e-mail subscription.
2.3 *Sosiale media*	2.3 *Social Media*
2.3.1 Kruispad-tydskrif het behalwe die webwerf ook ‘n Facebook-bladsy en ‘n Instagram-bladsy. Dit word gebruik om die tydskrif te adverteer asook om die evangelie te versprei aan ’n wyer gehoor.	2.3.1 Aside from the website, Kruispad magazine also has a Facebook and Instagram page. These pages are used to advertise the magazine as well as spread the gospel to a wider audience.
2.3.2 Die Facebook-blad het baie goeie groei in die afgelope paar jaar getoon. Op 2 Februarie 2018 was daar 2082 *page likes*, in Februarie 2020 staan dit op 4 927. Op 30 Junie 2022 is dit 7544.	2.3.2 The Facebook page has shown really good growth the past few years, namely 2 082 *page likes* on 2 February 2018, which increased to 4 927 by February 2020 and stood at 7 544 on 30 June 2022.
2.3.3 Die statistiek op Facebook vir 2020 toon dat daar op 12 April die meeste mense vir ‘n dag bereik is, 9 531. Die grootste reikwydte op ‘n enkelplasing was op 19 Maart 2020 toe ‘n teksvers, 2 Timoteus 1:7, 23 866 mense bereik het.	2.3.3 The statistics for 2020 on Facebook indicate the most people every reached on a single day as 9 531 on 12 April. The greatest number of hits for a single item was achieved on 19 March 2020 when the publication of the verse 2 Timothy 1:7 reached 23 866 people.
2.3.4 Die Instagram-bladsy is in 2019 begin om Kruispad op nog ‘n kanaal wat deur die jeug gebruik word beskikbaar te stel. In Mei 2020 is daar 346 *followers* en op 30 Junie 2022 is daar 607. Die Jeugkantoor beplan om hierdie kanaal nog verder	2.3.4 The Instagram page was launched in 2019 to introduce Kruispad on another platform often used by the youth. The May 2020 number of followers grew from 346 to 607 on 30 June 2022. The Youth Ministry plans to make even further use of this platform.

te ontgin.	
2.4 *Finansies*	2.4 *Finances*
2.4.1 Die saldo van die Kruispad-rekening op 30 Junie 2018 was ‘n opgehoopte verlies van R71 051. Die saldo op 28 Februarie 2022 was R28 855.	2.4.1 The balance of the Kruispad account stood at an accumulated loss of R71 051 on 30 June 2018. The balance came to R28 855 on 28 February 2022.
2.4.2 Met die verandering in formaat word daar bespaar op uitlegkoste, drukkoste en posgeld. Daar is nie ‘n nuwe redakteur aangestel nie, en sodoende word dié koste ook bespaar.	2.4.2 The change in format enabled saving on layout costs, printing costs and postage. Deciding to not appoint a new editor brought about another saving.
2.4.3 Die uitgawes wat Kruispad aangaan is gesny tot op die laagste moontlikheid. Die uitgawes sluit tans in: die koste van die webwerf se hosting, bemarking op sosiale media-kanale en ‘n gedeelte van die Jeugsorg Assistent se salaris.	2.4.3 Kruispad’s expenses were cut to the bone. Expenditure at the moment includes: the cost of the website’s hosting, marketing on social media platforms and a part of the Youth Ministry Assistant’s salary.
2.5 Predikante en gemeentes se ondersteuning word gevra deur middel van intekening op die tydskrif en die aanstuur van stof wat verwerk kan word tot artikels.	2.5 Ministers and churches are requested to offer their support by means of subscription to the magazine and material that can be reworked into articles.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.5 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decides on**
3.1 Die *Kruispad*-tydskrif gaan voort as ‘n gratis maandelikse e-tydskrif.	3.1 The *Kruispad* magazine should continue as a free monthly e-magazine.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**